# Uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder

Adv Hanlie Linde
Tel: 022 913 6011
mm@bergmun.org.za

**Alles wat jy moet weet oor die watersituasie in Bergrivier Munisipaliteit /**
**Your one-stop information on the water situation in Bergrivier Municipality**

## 45% WATERBEPERKINGS

Sedert 25 Januarie 2018 is die hele Bergrivier Munisipale gebied op 45% waterbeperkings. Dit beteken dat elke persoon aangemoedig word om slegs **50 liter water per persoon per dag** te gebruik. Dit werk uit op **minder as 8 kiloliter water** per huishouding per maand bereken op 'n huishouding van 5 mense (volgens Stats SA 2016 is ons huishoudings gemiddeld 4,1 mense).

Waterverbruik meer as bogenoemde kan beboet word.

**Februarie 2018 uitgawe**

**Het ons 'n keuse?**

Die hele Westelike Provinsie is as 'n rampgebied verklaar op 24 Mei 2017 en regulasies is uitgevaardig op 4 Augustus 2017, 28 September 2017, 12 Desember 2017 en 12 Januarie 2018. Ons word hierdeur verplig om 45% waterbeperkings in te stel vir huishoudelike en industriële gebruik en 60% vir landbougebruik in ons hele munisipale gebied. Ons het nie 'n keuse nie. Bergrivier Munisipaliteit is nie 'n eiland nie. Hierdie raak ons almal!

'n Tekort aan water is nie 'n "Kaapstad" probleem nie! Ons almal deel dieselfde waterbronne! Dit is 'n "ONS" probleem!

Is it safe to drink the tap water in Bergrivier Municipality? Yes, it is!

Is dit veilig om die kraanwater in Bergrivier Munisipaliteit te drink? Ja, dit is!





Daar is verskeie maniere om water te spaar, en almal begin by ons... There are a number of ways to save water and they all start with us...

Baie dankie vir almal se heelhartige samewerking! Ons het tydens November 2017 47% water bespaar en tydens Desember 2017 43%.

We are in the middle of the worst drought in 114 years in the Western Cape. It affects us all! Thank you to all for saving water!

*Kom ons bring hoop en lewe aan al ons gemeenskappe in ons hele gebied totdat die Bergrivier weer volspoed vloei ...*

**Water Quality in Bergrivier Municipality:**




The water quality is analysed on a weekly basis according to 4 criteria, namely microbiological, chemical, physical organoleptic and SANS 241. The results are captured on the National Database of the Department of Water Affairs and Sanitation. Based on the calculated average of these four criteria, Bergrivier Municipality achieved 96%. This achievement is above the norm and represent excellent water quality.

The Municipality will never provide potable water (purified for use in a household) if it is not safe for human consumption. If the weekly results show a decline in water quality, the public will be informed and if necessary an instruction to boil the water before drinking will be issued. At present the household water in Bergrivier Municipality is 100% safe for drinking from the tap. No bottled water is needed.

*Kom ons maak seker dat almal rondom ons hierdie dringende boodskap verstaan en implementeer. Ons het almal se hulp nodig!*

**Wat beteken 45 % beperkings?**

Ten minste 45% beperking op alle huishoudelike en industriële waterverbruike (insluitend die mynbedryf). Ten minste 60% beperking op alle landbou waterverbruike. Ingestel vanaf 25 Januarie 2018.

Tariewe wat geld vanaf 7 kiloliter (7000 liter) verbruik per maand per huishouding vanaf 1 November 2017 bly onveranderd.

Watergebruik bo 13 kiloliter kan beboet word.

'n Volledige kennisgewing hieroor is reeds versprei en is ook beskikbaar by www.bergmun.org.za

**WITH$H_2$OUT**

**Water saving so far?**

Through all our efforts we managed to save 47% during November 2017 and 43% during December 2017. We need to continue to save 45%!

# Het jy geweet? / Did you know?




Die hoeveelheid waterverliese in 'n munisipale stelsel gee 'n aanduiding van hoe die netwerke bestuur word. Die nasionale norm is 37%. Bergrivier Munisipaliteit implementeer 'n streng waterverlies-strategie wat deurlopend toegepas word en kon die waterverliese tot net 9,93% beperk word. Help ons asb hiermee deur enige vermorsing onmiddellik aan te meld by 022-9136000 (kantoor-ure) of by 0832723850 (na-ure).

**RAPPORTEER ONWETTIGE WATERVERBRUIK:**

PORTERVILLE: 0832723853 EENDEKUIL: 0832724137

PIKETBERG: 0832723850 REDELINGHUYS: 0832724130

VELDDRIF: 0832724136 AURORA: 0832724131